Hoërskool Tuine

BELEID OOR MIV/VIGS

255 Bornmann Straat, Pretoria Tuine, 0082
Posbus 48066, Hercules, 0030 Tel (012) 379-6181
Epos: admin@hstuine.co.za hoof@hstuine.co.za

INHOUD

1. TITEL VAN DIE BELEID 3
2. EFFEKTIEWE DATUM 3
3. HERSIENINGSGESKIEDENIS 3
4. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING 3
5. INLEIDING 3
7. TERMINOLOGIE EN AKRONIEME 5
   7.1 Terminologie 5
   7.2 Akronieme 5
8. TOEPASSING: 6
9. WETSRAAMWERK 6
10. RELEVANTE BELEIDE 6
11. BELEIDSBEPALINGS 6
   11.1. Universele voorkomingsmaatreëls 6
   11.2. Toelating van leerders met MIV/VIGS tot die skool 7
   11.3. Voorsorgmaatreëls tydens kontaksport 8
   11.4. Onderig van leerders oor MIV/VIGS 8
   11.5. Opvoeders en ander skoolpersoneel 9
   11.6. Openbaarmaking van MIV/VIGS verwante inligting en vertroulikheid 9
   11.7. Weiering van iemand om saam met ‘n persoon met MIV/VIGS te werk, studeer of onderrig te gee 9
   11.8. Wêreld VIGS dag en die skool 10
12. KORT TITEL 10
13. GOEDKEURING VAN DIE BELEID 10

1. TITEL VAN DIE BELEID

Die BELEID OOR MIV/VIGS van Hoërskool Tuine

2. EFFEKTIEWE DATUM

18 Augustus 2022

3. HERSIENINGSGESKIEDENIS

Soos Gewysig Op:
18 Augustus 2022

4. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

April 2024

5. INLEIDING

a) Verworwe Imuniteitsgebrek sindroom of te wel VIGS, is 'n siekte waarvoor daar geen genesing is nie en wat van die een persoon na 'n ander oorgedra word deur seksuele kontak of deur sekere liggaamsvloeistowwe soos bloed.

b) Daarom is dit noodsaaklik dat elkeen van ons sal kennis dra wat die MI-virus en VIGS nou eintlik is en dat infektering met die MI-virus nie dadelik tot die dodelike VIGS lei nie, maar dat dit ’n voortslepende proses van ’n aantal jare is. Maar ewe noodsaaklik is om hierdie vyand deur en deur te ken en presies te weet waarteen ons vorentoe meer verbete sal moet veg as ooit tevore.

c) Biologiese virusse (uit die Latyn vir “gif”) is enige aantal organiese entiteite wat doodeenvoudig bestaan uit genetiese materiaal wat deur ’n beskermende omhulsel omring word. ‘n Virus op sigself. is ’n lewelose organisme, maar binne-in lewende selle kan dit herhaaldelik presiese weergawes skep en sy gasheer in die proses benadeel.

d) VIGS is ’n kliniese sindroom (’n groep van verskillende ongesteldhede wat saam ’n siekte kenmerk) wat veroorsaak word deur skade aan die immuniteitstelsel weens infektering met die MI-virus.

e) In mense wat met die MI-virus geïnfekteer is, is daar ’n geleidelike verlies aan immuniteitselle en immuniteitsfunksie. As die verlies aan immuniteitsfunksie nie behandel word nie, lei dit uiteindelik tot die ontwikkeling van siektes wat veroorsaak word deur gewone besmettings wat nie ’n bedreiging vir gesonde mense inhou nie. Sonder behandeling duur dit in die reël ses tot tien jaar vanaf besmetting tot die ontwikkeling van VIGS, maar die verloop van die siekte kan grootliks van individu tot individu wissel.

f) Miljoene mense in Suid-Afrika en die wêreld het MIV onder lede en die getal styg

geleidelik. Daarom is 'n toenemende aantal leerders en opvoeders wat MIV het deel van ons skole. Mense wat met MIV lewe het te doen met diskriminasie weens hulle MIV-positiewe status.

g) Dit is daarom belangrik dat die skool 'n MIV- en VIGS beleid het om te verseker dat:
- Die regte van alle leerders en opvoeders gerespekteer word.
- leerders en onderwysers met MIV toepaslik bestuur word.
- Verdere MIV besmetting voorkom word.
- 'n Nie-diskriminerende en versorgende omgewing geskep word.

h) 'n Nasionale beleid oor die bestuur van MIV en VIGS in skole is deur die Departement van Onderwys opgestel vir openbare leerinstellings. Hierdie beleid spruit voort uit daardie beleid en is aangepas om vir die omstandighede in die skool voorsiening te maak.

i) Hoe MIV infektering plaasvind:
- Seksuele oordrag: Manlike homoseksuele of biseksuele gedrag het aanvanklik die meeste gevalle veroorsaak, maar seksuele oordrag van man tot vrou of vrou tot man neem hand oor hand toe, veral in Suid-Afrika.
- Oortappings van besmette bloed of bloedprodukte: Voordat die VIGS gevaar besef is, het veral hemofilielyers (die sogenaamde "bloeiers") op hierdie manier besmet geraak. Voorkomende maatreëls wat daarna getref is en wat steeds geld, het hierdie gevaar so te sê uitgeskakel.
- Oordag onder dwelmslawe wat inspuitnaalde deel: Voorligting het veroorsaak dat ál minder dwelmgebruikers met die MI-virus besmet raak.
- Oordrag van ma’s aan babas: Babas van ma’s wat met die MI-virus geïnfekteer is, loop gevaar om tydens geboorte of deur borsvoeding besmet te raak.
- Ander/onbekend: Hierdie groep bestaan uit mense wat VIGS opgedoen het deur ander maniere (bv. 'n besering per ongeluk deur 'n besmette naald of borsvoeding by VIGS-ma's).

j) Geen risiko aktiwiteite:
- Aanraking: Die MI-virus kan nie deur aanraking soos handskud oorgedra word nie.
- "Droë soen": ’n Soen sonder die uitruil van speeksel hou geen risiko van virusoordrag in nie.
- Omhelsing: Daar is geen risiko om die virus deur omhelsing of vertroeteling oor te dra nie.
- Deel van eetgerei: Die virus kan nie oorgedra word deur ’n glas of eetgerei te deel nie.
- Bloedskenking: Slegs steriele naalde word in Suid-Afrika vir bloedskenking gebruik.
- Ander kontak: Die virus kan nie deur toiletsitplekke of ander voorwerpe opgedoen word nie.

k) Gesondheidsrisikos waaraan noodhelpers, leerders, opvoeders blootgestel kan word: Die kanse om MIV/VIGS op te doen tydens die toepassing van noodhulp, KPR (kardiopulmonêre resussitasie) ingesluit, is uiters skraal. Tref nogtans deeglike voorsorg om te voorkom dat 'n pasiënt se bloed in kontak kom met stukkende plekke op jou vel en slymvliese of enige oop wonde wat jy dalk het. Die MI-virus kan vir ongeveer 20 minute buite die liggaam oorleef.

6. UITGANGSPUNT EN BASIS VAN DIE BELEID

a) Die uitgangspunt en basis van die beleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte van leerders en van hulle ouers in onderwysverband soos erken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet en Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en opvoeders in Openbare Skole, en Studente en Opvoeders in Verdere Opvoedinge en Onderriginstellings, soos gepubliseer in Staatskoerant-kennisgewing 1926 van 1999.

7. TERMINOLOGIE EN AKRONIEME

7.1 Terminologie

Woord	Omskrywing
Universele Voorkomingsmaatreëls	Verwys na die wêreldwye konsep in die konteks van MIV/VIGS om ‘n standaard voorkomingsmaatreël aan te dui vir infeksiebeheerprosedures of voorkomingsmaatreëls wat gemik is op die voorkoming van MIV oordraging van een persoon na ‘n ander en sluit in die prosedures betreffende basiese higiëne en die dra van beskermende klere soos lateks- of rubberhandskoene of plastieksakke waar daar ‘n risiko is vir blootstelling aan bloed, bloeddraende patogene of bloedbesmette liggaamsvloeistowwe.
Regulasies	Beteken die regulasies oor MIV/VIGS oor die Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en opvoeders in Openbare Skole, en studente en Opvoeders in Verdere Opvoeding- en Onderriginstellings, Staatskoerantkennisgewing 1926 van 1999
Ouer	Beteken – (a) die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder; (b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom, soos omskryf in die Skolewet, 1996.
Hoof/skoolhoof	Beteken 'n opvoeder wat as hoof van die skool aangestel is of waarneem.
Skoolbeheerliggaam	Beteken die beheerliggaam van Hoërskool Tuine**,** soos beoog in artikel 16 (1) van die Skolewet, 1996
Skool	Beteken Hoërskool Tuine, 'n openbare skool soos beoog in Hoofstuk 3 van die Skolewet, 1996, wat 'n openbare skool is wat leerders in een of meer grade van graad 8 tot graad 12 inskryf.

7.2 Akronieme

Akroniem	Omskrywing
MIV	Beteken die Menslike Immuniteitsvirus
VIGS	beteken die verworwe imuniteitsgebreksindroom wat die finale fase van MIV infeksie is.
SBL	Skoolbeheerliggaam

8. TOEPASSING:

8.1 Die beleid is van toepassing op alle leerders, opvoeders en/of enige persoon betrokke by die skool.

9. WETSRAAMWERK

9.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 (hierna “die Grondwet”);
9.2 Die Suid Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna “die Skolewet”).
9.3 Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole, en Studente en Opvoeders in Verdere Opvoedinge en Onderrig Instellings, soos gepubliseer in Staatskoerantkennisgewing 1926 van 1999.

10. RELEVANTE BELEIDE

10.1 Die skool se beleid oor seksuele teistering
10.2 Die skool se Veiligheidsbeleid
10.3 Die skool se Sportbeleid
10.4 Die skool se Boeliebeleid
10.5 Die skool se Gedrags- en Dissiplinêre kode en reëls.
10.6 Die skool se Buitekurrikulêre Beleid

11. BELEIDSBEPALINGS

11.1. Universele voorkomingsmaatreëls

a) Alle bloed, oop wonde, sere, stukkende plekke in die vel, skaafplekke en enige liggaamsvloeistowwe en uitskeidings wat met bloed gekontamineer is moet as potensiële bronne van infeksie beskou word.
b) Bloed, veral in groot hoeveelhede soos neusbloei en ou bloed en bloedvlekke moet met omsigtigheid en die nodige voorsorg hanteer word.
c) Vel wat per ongeluk aan bloed blootgestel word, moet dadelik met seep en lopende water gewas word.
d) Alle bloeiende wonde, sere, stukkende plekke in die vel, skaafplekke moet verkieslik met lopende water en antiseptiese middels behandel word.

e) As daar ‘n krap of byt insident plaasgevind het, en die waar die vel stukkend is, moet die wond gewas word onder lopende water, gedroog word en met antiseptiese middels behandel word.
f) Bloedspatsels op die gesig, in die mond, oë of neus moet ten minste vir drie minute onder lopende water uitgespoel word.
g) Wegdoenbare sakke en verbrandingsfasiliteite moet gebruik word om weg te doen met sanitêredoekies en ander ware in toilette.
h) Alle oop wonde moet ten alle tye bedek wees met porieuse en waterdigte pleisters sodat blootstelling aan bloed tot ‘n minimum beperk is.
i) Skoonmaak van en hande was moet altyd onder lopende water geskied.
j) Dit is noodsaaklik om lateks- of rubberhandskoene te dra en om KPR-mondstukke te gebruik wanneer ook al jy in kontak kom met enige liggaamsvloeistowwe. Moet nooit enige pasiënt as "veilig" beskou nie, nie eens kinders nie!
k) Oppervlaktes wat besmet is met bloed en/of ander liggaamsvloeistowwe moet moet met lopende water en ‘n antiseptiese middel afgewas word. Die lappe en skoonmaakmateriaal moet verwyder word en in wegdoenbare sakke geplaas word vir verbranding of verwyder word deur ‘n firma wat daarin spesialiseer om sodanige materiaal te hanteer. Sneesdoekies en toiletpapier kan weggespoel word. Hand-skoene moet in die sakke geplaas word vir veilige hantering en wegdoening.
l) Naalde en inspuitings mag nie hergebruik word nie maar veilig mee weggedoen word.
m) Indien instrumentse soos skêre besmet word bloed of ander liggaamsvloeistowwe moet dit gewas word en in ‘n sterk antiseptiese ontsmettingsmiddel geplaas word vir ten minste een uur voordat dit weer gebruik word.
n) Die skool moet 'n minimum van twee Noodhulpkissies beskikbaar en binne bereik hê.
o) Lateks- of rubberhandskoene behoort in elke klaskamer en by elke sportbyeenkoms beskikbaar te wees.
p) Alle leerders en opvoeders moet inligting te kry oor hoe om bloedstortings te hanteer.
q) Leerders met hoog aansteeklike siektes soos masels, Duitse masels, waterpokkies, kinkhoes en pampoentjies moet van die skool wegbly totdat hulle ten volle genees is om ander leerders te beskerm veral leerders wat dalk MIV/VIGS het.

11.2. Toelating van leerders met MIV/VIGS tot die skool

a) Behalwe dat daar aan die normale toelatingsvereistes voldoen moet word soos deur die Skool se toelatingsbeleid en die Gauteng Department van onderwys voorgeskryf is moet daar van die volgende kennis geneem word:
    - MIV/VIGS word nie geklassifiseer as 'n aanmeldbare siekte nie en gevolglik word daar nie wetlik van besmette persone vereis om hulle toestand by mediese owerhede of die skool aan te meld nie. Nietemin kan 'n besmette persoon MIV-negatief wees vir 'n tydperk van drie weke tot drie jaar - die sogenaamde "venstertydperk" - waartydens geen teenliggaampies in die bloedstroom die teenwoordigheid van die virus verraai nie. Dit beteken dat, ongeag die aanvanklike negatiewe MIV-toets, 'n persoon besmet kan wees en sodanige persoon ander kan besmet.
    - Die Grondwet bepaal dat almal het 'n reg op gelykheid en dat kinders 'n reg het op basiese onderwys. Die nasionale beleid bepaal ook dat daar nie teen enige

leerder en onregverdig gediskrimineer mag word nie en dat hulle nie toegang tot 'n skool geweier mag word op grond van hulle MIV-status nie.

- Leerders met MIV behoort nie die geleentheid ontsê te word om hulle volle potensiaal te bereik nie. Hulle behoeftes behoort voor voorsiening gemaak te word sovêr dit redelik moontlik is binne die skoolomgewing, of deur tuisonderrig, indien nodig. Enige spesiale maatreëls wat getref word, moet regverdig, medies verantwoordvaar en na samesprekings met die leerder en die ouer ingestel word.
- Alle mediese inligting is vertroulik en nóg ouers, nóg leerders het 'n wetlike plig om die skoolowerhede in te lig oor 'n leerder se MIV-status. As die inligting vrywillig bekend gemaak word, moet dit vertroulik bly.
- Daar is geen mediese of wetenskaplike regverdiging vir gereelde MIV-toetse op leerders nie. Die toets van leerders vir MIV as 'n voorvereiste vir toelating of voorgesette bywoning word verbied.
- Niemand mag sonder sy of haar toestemming getoets word vir MIV nie.
- Daar word van leerders met MIV/VIGS verwag om om klasse so normaalweg as moontlik by te woon en akademies te presteer.

11.3. Voorsorgmaatreëls tydens kontaksport

a) Die gevaar dat MIV-oordrag deur kontaksport sal gebeur is onbeduidend. Maar as enige bloeding sou voorkom, moet die beseerde speler onmiddellik van die veld afgeneem en behandel te word. Die speler kan weer begin speel wanneer die wond deeglik bedek en vuil klere en bloed bevlekte klere, of klere wat met ander liggaams-vloeistowwe bedek is, omgeruil is. Leerders en afrigters met MIV moet mediese berading kry voordat hulle aan kontaksport deelneem. Geen opvoeder of speler mag aan kontaksport en/of swemaktiwiteite deelneem met ‘n oop wond, seer, stukkende vel of skaafplek nie. Die nodige noodhulpkassie en voorraad moet maklik beskikbaar en bereikbaar wees.

11.4. Onderig van leerders oor MIV/VIGS

a) Dit is verpligtend dat onderrig programme oor MIV/VIGS in die skool as deel van die kurrikullum aangebied moet word in die vorm van toepaslike ouderdomverwante onderrigprogramme wat op ‘n verantwoordbare wetenskaplike en feitelike wyse aangebied word en die volgende onderwerpe onder andere aanspreek:
    - Basiese noodhulp en voorkomingsmaatreëls en wondversorging.
    - Seksualiteitsonderrig.
    - Die rol wat dwelms, seksuele mishandeling en geweld en seksuele oordraagbare siektes speel in die oordra van MIV/VIGS.
    - Aanmoediging van leerders om ‘n gesonde lewenstyl te handhaaf.
    - Respek vir ander en die regte van alle burgers en die skep van ‘n klimaat van aanvaarding van geïnfekteerde persone.
    - Dat indien leerders met MIV geïnfekteer word dan kan hulle nog steeds ‘n gesonde lewensstyl handhaaf indien hulle sekere gesondheidsvoorsorg tref.
    - Inligting oor die skool se beleide oor seksuele teistering, die boeliebeleid en algemene gedragskode wat die menswaardigheid aan tas van alle leerders en opvoeders an ander personeel.
    - Voorsorgmaatreëls tydens die beoefening van sport en ander kontakatktiwiteite.

b) Ouers van leerders moet oor die programme ingelig word en wat by die skool aangebied word en aangemoedig word om die skool te ondersteun met die program. ‘n Deel van die onderrigprogram moet fokus op die skool as ‘n gesondheidsbevorderingssentrum as deel van die hele skool ontwikkelingsprogram (“whole school development”).

11.5. Opvoeders en ander skoolpersoneel

a) Die beleid oor MIV en VIGS is op beide leerders en opvoeders van toepassing. Dit beteken dat personeel in 'n opvoedkundige omgewing nie mag:
   - Getoets word vir MIV sonder hulle toestemming nie.
   - Getoets word vir MIV as 'n voorvereiste vir aanstelling of voortgesette diens nie.
   - Gedwing word om hulle MIV-status te onthul nie.
   - Afgedank of gedemoveer word weens hulle MIV-status nie.
   - Op enige manier teen gediskrimineer te word weens hulle MIV-status nie.
   - Opvoeders en personeel word verbied om enige seksuele verhoudings met leerders te hê. Dit is onwettig en moet dadelik by die gepaste owerhede aangemeld word.

b) Dit stem ooreen met die billike arbeidspraktyke wat uiteengesit word in die Wet op Arbeidsverhoudinge en die Wet op Billike Indiensneming.

11.6. Openbaarmaking van MIV/VIGS verwante inligting en vertroulikheid

a) Geen leerder (of ouer namens ‘n leerder) of enige opvoeder is verplig om sodanige leerder of opvoeder se MIV/VIGS status aan die skool te openbaar nie.
b) Vrywillige bekendmaking van ‘n persoon se status aan die skoolhoof moet verwelkom word sodat die nodige maatreëls vir die leerder/opvoeder se welstand met die nodige vertroulikheid getref kan word.
c) In terme van die betrokke wetgewing kan enige leerder bo die ouderdom van 14 jaar wat MIV/VIGS het, of indien die leerder onder die ouderdom van 14 is, mag sy/haar ouer sy/haar status vrywilliglik bekend maak.
d) Berading moet aan sulke leerders/opvoeders verskaf word indien dit nodig mag blyk.
e) Enige persoon aan wie sulke inligting bekend gemaak word moet dit vertroulik hanteer.
f) Ongemagtigde openbaarmaking sonder die persoon wat betrokke is se toestemming aan ‘n derde party kan wetlike gevolge inhou.
g) Die skool as werkgewer mag nie van enige werknemer verwag om ‘n MIV toets te ondergaan nie.
h) ‘n Werknemer mag ook nie op grond van sy/haar MIV status afgedank word nie.

11.7. Weiering van iemand om saam met ‘n persoon met MIV/VIGS te werk, studeer of onderrig te gee

a) Akkurate inligting en berading moet gegee word aan leerders, opvoeders en ouers oor MIV/VIGS en die skool se beleid asook dat daar nie teen so ‘n persoon gediskrimineer mag word in die skool of die werkplek nie. Dit behoort opgevolg te word met berading, indien nodig. Die situasie behoort deur die skoolhoof beredder te word, indien nodig met die hulp van die Beheerliggaam.

11.8. Wêreld VIGS dag en die skool

a) Wêreld VIGSdag word elke jaar op 1 Desember herdenk.
b) Die skool kan op of naby die dag die volgende aksies loods:
   - Inligtingsplakkate en onderrigprogramme om bewustheid van die siekte onder leerders aan te moedig en enige miskonsepsies daaroor uit die weg te ruim.
   - 'n "Rooistrikkiedag"
   - 'n Kersaansteekseremonie te hou tydens saalopening.
   - Om spesiale sprekers wat gepas met die leerders kan kommunikeer uit te nooi om met hulle te gesels en dalk werkgroepsessies aan te bied.

MIV/VIGS is 'n siekte wat almal in een of ander mate raak en ons ook as nasie 'n impak op ons lewens sal hê. Daarom moet ons alaml saam staan om die siekte te beveg en te voorkom. Die skool en die Beheerliggam is verbind tot hierdie saak en om met ander persone en agentskappe saam te werk om dit te bereik.

12. KORT TITEL

Hierdie beleid sal genoem word MIV/VIGS Beleid van Hoërskool Tuine.

13. GOEDKEURING VAN DIE BELEID

Aanbeveel deur: **Hoof**	Mr JG Furstenberg	Handtekening:	
Datum:	18 Augutus 2022		
Goedgekeur deur: **BL Voorsitter**	Dr CE Ackerman	Handtekening:	
Datum:	18 Augutus 2022		